



Gelooftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338



Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

Mediavrstelling

Die Gelooftevolk Koördineringskomitee maak hiermee die besluite bekend van die:

SEWENDE VOLKSVERGADERING VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA

Die Gelooftevolk is daardie volk wat gebonde is aan ons hemelse Vader by wyse van die Ou- en Nuwe Testamentiese Skrifte en die daaropvolgende geskiedenis, asook weens ons geloftes met Hom wat sedert volksplanting tot stand gekom het, te wete:- Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880].

Die Gelooftevolk Koördineringskomitee [GKK] is 'n taakgelastigte komitee wat die besluite van die volksvergaderings sedert die Vegkop volksvergadering van 2009 uitvoer.

1. Die herkenning en erkenning van strafgerig oor die Gelooftevolk. – Jurgens van Zyl

Die huidige Strafgerig is van toepassing op die Gelooftevolk [as Verbondsvolk] weens verbondsverbreking en wetsverbreking. Vanuit Skriftuurlike perspektief is die gevolg daarvan die verwoesting van die werke van ons hande, wat voor die hand liggend is. Naas die fisiese lyding, ervaar ons die strafgerig ook in die skeep van 'n skuldgevoel oor ons verlede en die verwoesting van ons identiteit en Protestantse geloofsoortuigings by wyse van die liberale teologie. Ons geestelike leiers het verleiers geword en die huidige politieke bedeling is 'n tugmeester terug na ons hemelse Vader.

Die vergadering besluit dat die volk deeglik ingelig moet word dat hy onder strafgerig verkeer en derhalwe indirek verantwoordelik is vir die huidige toedrag van sake. Voortdurende vermaning ter opheffing van die strafgerig is nodig, sodat ons terug kan keer tot die spesiale verhouding tussen Hom en ons, wat bestaan sedert die dae van ons vaders.

2. Die morele basis van die onderskeie vryheidsinisiatiewe van die blanke Christenvolk aan die suidpunt van Afrika ter verwesenliking van ons gemeenskaplike ideaal? –

a. Hein Marx.

Die morele basis is gesetel in die erkenning van strafgerig waarbinne die huidige bestel as regering oor ons gebring is. Artikel 235 van die huidige grondwet is nuttig om selfbeskikking te beding. Marx beywer hom vir 'n stapsgewyse federale / konfederale stelsel om uiteindelik die doelwit van 'n Soewereine Christokrasie/Teokrasie teweeg te bring. Die huidige bestel bied geen toekoms vir ons as volk nie en is dit ons morele verpligting om vir ons kinders volhoubare vryheid te skeep.

b. Andries Breytenbach.

Strewe na soewereine eiesoortige volksvoortbestaan moet gegrond wees op die Skrif. Apartheid was 'n eerlike poging om die 1910 Unitêre stelsel te ontstrenge. Demokrasie kan net binne 'n homogene bevolking en kultuurgemeenskap funksioneer. Die vasstelling van duidelike grense tussen onderskeibare volke word Skriftuurlik gemotiveer en is 'n instelling van God.

Beide sprekers het dit benadruk dat hul hul beywer vir soewereiniteit vir ons as Christen volk binne plaaslike en internasionale wetgewing.

Die vergadering doen 'n beroep op die onderskeie vryheids inisiatiewe om in aanmerking te neem dat onderhandelinge [deputasies] in ons volksverlede nie die gewenste uitwerking gehad het nie maar dat toenadering tot ons Almagtige Vader in die hemel telkens die deurslag gegee het. Dink maar n  oor die aanloop tot die Slag van Bloedrivier en die Eerste Vryheidsoorlog en die resultate daarvan.

3. Profetiese vooruitskouing vir die vrywording van die Geloftesvolk. – Conrad v Niekerk

Weens ons as volk se geskiedkundige verlede as Geloftesvolk en vestigers van die Protestantse geloof sedert volksplanting binne hierdie geografiese ligging aan die suidpunt van Afrika, voldoen ons as volk aan die profetiese vooruitskouing soos verwoord in Sef. 3 en Jes.18.

Die vergadering is dit eens dat wanneer dit tot die volk deurdring dat die vervulling van hierdie profesie , direk in verband staan met haar toekoms, dit as groot bemoediging sal dien en sal ons van ons roeping bewus word, nl. dat dit ons as volk se prim re doel is om JHWH [die HERE] te dien en Sy lof te verkondig. Met die vervulling van vermeldde profesie , sal ons as volk die teenwoordigheid van JaHshua [Jesus Christus] ons koning ervaar [Sef.3:15,17] by wyse van die teokratiese volkshuishouding, soos ook vervat binne die oorspronklike bewoording van die Gelofte van Bloedrivier – sien: http://www.volksvergadering.co.za/Documents/20141123100311_item_1838-Gelofte-van-Bloedrivier.pdf

4. Eerbetoon aan Jahshuah (Jesus Christus) d.m.v. ons taalgebruik. – Tienie Dumas

Ons as Geloftesvolk wyk dikwels af om Jahshua [Jesus Christus] te eer d.m.v. ons taalgebruik. Ons doen 'n beroep op ons volksgenote om ernstig daarop te let wat oor ons lippe kom. Ons moet waak teen die ydelike gebruik van ons hemelse Vader se Naam, skandelige taal, leuens asook skinder. Ons moet voortdurend daarna strewe dat ons verhouding met Vader die nodige eerbied, ontsag en vrees weerspieel.

5. Mosie

Die vergadering neem met skok kennis van die onlangse besluit binne kerklike gelede m.b.t. die goedkeuring van sodomitiese verhoudings - Beeld 9 Oktober 2015 [vewys vorige Beeld 1 Julie 2015 - lesbies, gay, biseksueel en transseksueel]. Die volksvergadering wys daarop dat volgens Rom.1:26-32 hierdie gruwels ontoelaatbaar is

en volgens 1Kor.6:10 diesulkes nooit die koninkryk van die hemele kan binnegaan nie.
[Lees ook Lev.18:22, 20:13; Deut.23:17-18.]

Die vergadering doen 'n beroep op volksgenote om hul te distansieer van diesulkes.

Vervolgens die 1933/53 vertaling van die Bybel in Afrikaans:

Lev.18:22 Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel.

Lev.20:13 En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle.

Deut.23:17 Daar mag geen hoer uit die dogters van Israel wees nie; en daar mag geen skandseun uit die seuns van Israel wees nie.

:18 Jy mag geen hoereloon of hondeprys in die huis van die HERE jou God as enige gelofte offer bring nie; want dié altwee is vir die HERE jou God 'n gruwel.

Rom.1:26 Daarom het God hulle oorgegee aan skandelijke hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is;

:27 en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.

:28 En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie:

:29 hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid;

:30 nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpratery, uitvindery van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers;

:31 onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig,

:32 mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.

1Kor.6:10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensers of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.

Verder betreur die vergadering predikante [en dosente] se ontkenning van die maagdelike geboorte en opstanding van Jesus Christus [Jahshua Messias] soos na verwys word in:-
KOERS in leer en lewenskewessies (Brief 138 - Junie 2015), Redakteur: Prof. dr. HG v/d Westhuizen, Artikel: Die KERK : Wat glo ons? Skrywer: Prof. (em) dr. AD Pont.

Dr. Ronnie van der Merwe [Voorsitter, Geloftevolk Koördineringskomitee]